

# Adrianus van Selms (1906–1984) ontsluit die Arabies-Afrikaanse literatuur teen die agtergrond van die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans

Piet Boshoff

---

Piet Boshoff, navorsingsgenoot, Departement Ou Testament en Hebreeuse Geskrifte, Fakulteit van Teologie en Religie, Universiteit van Pretoria

---

## Opsomming

'n Kollega het Van Selms in aanraking gebring met wat hy beskryf as die Arabies-Afrikaanse literatuur – letterkunde wat in Afrikaans geskryf is met Arabiese letters. Die gemeenskap onder wie hierdie tekste in omloop was, was die nasate van die mense wat in die 17de en 18de eeu deur die Verenigde Oos-Indiese Kompanjie na die Kaap gebring is. Hulle het die Islam aan die suidpunt van Afrika gevestig. Van Selms gee toe dat die beskeie Arabies-Afrikaanse tekste kwalik as literatuur beskou kan word, maar aangesien dit die geesteslewe van 'n besondere groep Kapenaars dokumenteer, moet dit met erns bejeën word. Die drie grootste publikasies van Arabies-Afrikaanse tekste word kortliks behandel: *Vraag en antwoord*, *Die betroubare woord* en *Uiteensetting van die godsdiens*. Een van die skrywers, Abu Bakr Effendi, word aan die leser voorgestel. Daar word berig oor die soektog na die Maleise kategismus, die *Gablomalien*, wat die oudste boek in Afrikaans kan wees. 'n Voorbeeld uit die ryk erfenis uit die Hellenisme en ouer Griekse filosofie wat in die Islamse geesteskuiluur neerslag gevind het, word aangedui. Inligting oor die uitdagings waarmee Van Selms te doen gekry het met die transkripsie van die tekste en vertaling daarvan word gedeel. Die vertaalde tekste bied vir Westerlinge 'n toeganklike kennismaking met die Islam. Die rol wat godsdienstige behoefte by die vertaling van oorspronklike tekste speel, word belig.

Van Selms het die resultate van sy ondersoek betrek by die breër vraagstuk van die ontstaan, ontwikkeling en belang van Afrikaans vir sy taalgenote. In die artikel word nagegaan of Van Selms die vrae wat hy self in hierdie verband gestel het, of wat by hom as uitdagings opgekom het, afdoende kon beantwoord. 'n Artikel wat hy in 1941 geskryf het en waarvan hy onder die indruk was dat dit verlore geraak het, verskaf belangrike inligting in hierdie verband.

Van Selms beklemtoon twee kenmerke van Afrikaans, naamlik die konserwatiewe woordeskat deur Nederlandse woorde te behou en die vereenvoudiging van verbuigingsvorme van die werkwoorde. Die konserwatiewe woordeskat word aan ontwikkelde Kaapse burgers toegeskryf en die vereenvoudiging van die taalvorme aan die onderhoriges, die Kompanjie-slawe wat uit Indië aangekom het of as dwangarbeiders gestuur is en hulle nasate. Van Selms slaag daarin om met hierdie kombinasie die eksterne taalsosiologiese faktore van die sprekers van die taal met die interne taalwetenskap te laat korreleer. Nederlands is die hoofvoedingsbron van Afrikaans. Die voedingsbodem identifiseer Van Selms as die driehoek wat deur die Den Haag-Rotterdam-Gouda-driehoek gevorm word.

Deur Afrikaans bied 'n deel van Afrika weerstand teen globalisme waarmee totalitêre state hulleself aan ander wil opdring. Entoesiasme vir Afrikaans is 'n sterk faktor in die guns van Afrikaans. Van Selms neem die vrymoedigheid om die Nederlanders te vermaan om nie, soos hulle aanvanklik in die geval van Vlaams opgetree het, Afrikaans neerhalend vanuit die hoogte te beskou nie, asof Afrikaans nie ook die volle spektrum van menswees kan verwoord nie.

**Trefwoorde:** Abu Bakr Effendi; Achmat Davids; Arabies-Afrikaans; Arabies-Afrikaanse literatuur; *Die betroubare woord*; *Gablomalien*; godsdienstige behoefte; Griekse erfenis; intellektuele beskouwlike aspekte van die vertaalde tekste; Islam; ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans; oudste boek in Afrikaans; transkripsie; *Uiteensetting van die godsdienste*; Vlaams; *Vraag en antwoord*

### ***Abstract***

#### **Adrianus van Selms (1906–1984) unlocks the Arabic-Afrikaans literature against the background of the origin and development of the Afrikaans language**

The twofold title indicates that the article is divided into two parts and how they are related to each other. It is worth revisiting the discovery of the Arabic-Afrikaans literature by Van Selms, given the fact of its great impact on the ongoing discussion concerning the Afrikaans language. Perhaps, for the first time, based on observations, it is made clear that Van Selms included the findings of this research in the broader picture of the origin, development and importance of Afrikaans to his fellow language community. The article investigates whether Van Selms achieved the goal he had hoped for.

Van Selms was the first and last scholar to make Arabic-Afrikaans a focal point. It couldn't be otherwise if one considers his capabilities. The qualities needed to carry out the great task of deciphering the Arabic-Afrikaans texts and to link them to the origin and development of Afrikaans would have been exceptionally, to say the least. A student of this literature needed a knowledge of Arabic, Malay, Dutch and Afrikaans. It was therefore relevant to go into some details of Van Selm's educational history and experiential learning concerning these four languages. An analysis of the circumstances is given of how it came about that Van Selms became familiar with the Arabic language. He also benefited from his World War II experience of the Muslim society in Indonesia and maintained contact and a friendly relationship with the South African Muslim community. In addition to that he spent his student years and his work experience as pastor among the people and in the region close enough to the Dutch region he later pinpointed as the breeding ground for the Afrikaans language.

Van Selms was honest about the difficulties he encountered in transcribing the Afrikaans in Arabic script. It is obvious that to represent a Germanic language like Afrikaans in Arabic script is not done without many adaptations, which he explained, but not to the extreme, out of consideration for the probable readers, who would not be interested in all that detail. Criticism of his transcription is also referred to.

*Arabic-Afrikaans* is coined and defined by Van Selms as Afrikaans written in Arabic script. The community where these texts were used consisted of the offspring of the slaves and tradesmen shipped to the Cape by the Dutch East Indian Company. They established Islam in South Africa. Van Selms admits that to call these texts a literature could be exaggerated, but because the spiritual life of a particular group of people was thereby documented, it should seriously be considered. An overview of Van Selms's Arabic-Afrikaans publications in chronologic order is given, and the three largest publications in Arabic-Afrikaans receive attention: *Question and answer*, *The trustworthy word* and *Explanation of religion*. The search for the Malay catechism, *Gablomalien*, which could be the oldest book in Afrikaans, followed. The writer of the largest work, Abu Bakr Effendi, is introduced to the readers. Some of the details of his coming to South Africa, as told to Van Selms, are now corrected by a recent study. An example of the rich heritage from Hellenism and older Greek philosophy cherished by the Islamic spiritual culture is indicated. The eternal dilemma as stated by Plato found its way into an Arabic-Afrikaans catechism: Is holiness loved by the gods because it is holy or is it holy because it is loved by the gods? Van Selms reflects on this and prefers giving credit to both arguments as of comparable importance. Challenges which Van Selms came across in transcribing and translating the texts are noted. The literature provides an accessible introduction of Islam to Westerners. Arabic-Afrikaans illustrates the well-known fact that religion provides a strong impetus for translation. The need to understand the language of a religion encourages scholars to translate the original texts into the modern language of the adherents.

In reading the Arabic-Afrikaans texts Van Selms asked himself, or was challenged by, three questions:

1. Is this a language of a group only, the Cape Malays, or does it represent a stage in the overall development of Afrikaans?
2. Are the Dutchisms the result of official Dutch in Cape Dutch publications or do they come from the spoken Dutch of earlier centuries at the Cape?
3. Does this literature argue for or against current theories about the origin of Afrikaans?

In an article he wrote during World War II Van Selms mentioned how he came to be in possession of Arabic-Afrikaans literature and made explicit remarks about the origin and development of Afrikaans. Afterwards he was convinced that what he wrote then was lost due to military circumstances. That article was subsequently found and cannot be omitted from our investigation. He then argued that the Arabic-Afrikaans was a stage in the overall development of Afrikaans, that the Dutchisms came from the spoken Dutch, and that Afrikaans originated from Dutch. Van Selms used the example of Prof. J.J. Smith, author of the first Afrikaans dictionary, who was at first hesitant to acknowledge that Afrikaans originated from Dutch because, as Van Selms was polite to remark, Afrikaners don't like the Dutch because of their haughty attitude towards Afrikaans. After years of research Smith admitted that the vocabulary of Afrikaans is 99,5% from Dutch.

It is said that Van Selms was disappointed by the reaction of the Afrikaans philologists to his findings. Their lack of interest was attributed to racism on their part. The idea that Afrikaans was the language of a white population only could not tolerate the evidence that was accentuated by the exposure of the Arabic-Afrikaans literature. That the oldest book in Afrikaans might have been written by someone who wasn't a member of the elite was too unpleasant to deal with or to accept.

Van Selms emphasised two characteristics of Afrikaans, namely the conservative Dutch vocabulary and the simplified declination of verbs. The vocabulary is contributed by the developed Cape citizenry, and the simplified use of the language came from the servants. Afrikaans developed through the collective interaction of the entire community, serving as both the medium for communication between servants and their masters and how the directives were conveyed from masters to servants. According to this view the external behaviour of the users of the language links with the internal occurrences in the language. Dutch from the triangle The Hague-Rotterdam-Gouda provided the main breeding ground for Afrikaans.

Afrikaans serves as a buffer against globalisation and benefits from the enthusiasm for it. Van Selms warns that the Dutch attitude towards Afrikaans should not run parallel with the way they previously behaved with regard to Flemish.

**Keywords:** Abu Bakr Effendi; Achmat Davids; Arabic-Afrikaans; Arabic-Afrikaans literature; *Explanation of religion*; Flemish; *Gablomalien*; Greek heritage; intellectual contemplative aspects of the translated texts; Islam; origin and development of Afrikaans; *Question and answer*; religious need; *The trustworthy word*; transcription

## 1. Inleiding

Op 31 Maart 1949 skryf Adrianus van Selms aan sy vriend en raadgewer Frans de Liagre Böhl dat hy met iets buitengewoons besig is (Van Selms 1949). Hy het naamlik ontdek dat die Moslem-gemeenskap aan die Kaap beskik oor 'n Afrikaanse, oftewel 'n byna-Hollandse, literatuur, maar dit is in Arabiese skrif geskryf. Hy voel hom verplig om hierdie uiters belangrike vonds aan sy taalgenote bekend te stel.

Die omstandighede was so dat 'n mens vir die bestudering van hierdie literatuur Nederlands, Afrikaans, Arabies en Maleis sou moes ken, 'n samevoeging van vaardighede wat nie aldag te vind is nie. Sy eie ervaring van Nederlands Oos-Indië gedurende die Tweede Wêreldoorlog het hom geskool in Maleis en die praktyk van die Indonisiese Islam. Sonder sy Indiese jare sou hy minder goed uitgeknip gewees het vir hierdie onderneming. Hy het reeds die sekretaris van die Koninklike Akademie genader oor die moontlikheid om die *Arabies-Afrikaanse Studies I* opgeneem te kry in die Mededelingen der Koninklijke Nederlandse Akademie van Wetenschappen, Afdeling Letterkunde. Hy doen dit ook uit erkentlikheid vir sy verkiesing tot korrespondent van die Koninklike Akademie en die koninklike bekragtiging daarvan. Böhl het hom hiervoor voorgestel en hy het hom reeds in Junie 1948 daarvoor bedank en gesê dat hy besonder in sy skik is met dié onderskeiding wat hom te beurt geval het (Van Selms 1948). Toe sy publikasie wel verskyn, skryf hy in die voorwoord sy waardering uit dat die Nederlandse Koninklike Akademie toelaat dat dit “verskyn in die taal van die land, waarvoor die Arabies-Afrikaanse literatuur bestem was, en waar ek die voorreg het om te woon en werk” (Van Selms 1951:6). Hy spreek ook die hoop uit dat sy publikasie belangstelling in die Arabies-Afrikaanse literatuur sal prikkel en lesers wat kennis dra van geskrifte of feite in hierdie verband dit onder sy aandag sal bring.

Uit sy vertroulike brief kan ons aflei dat Van Selms sy werk doen op grond van sy openbare amp as professor in Semitiese tale aan die Universiteit van Pretoria, wie se moedertaal Nederlands is. Hy wil met hierdie navorsing ook 'n lansie breek vir Afrikaans by die Nederlanders. Met verwysing na sy ervarings gedurende die Tweede Wêreldoorlog in Nederlands Oos-Indië sien hy daarin 'n bevestiging van wat hy nog altyd geglo het, naamlik dat, afgesien van die sonde, niks in die lewe tevergeefs is nie. Waarmee Van Selms dan vorendag kom, gee toe aanleiding tot 'n eindelose debat (Davids 2011:15).

Hoewel Van Selms se ontdekkervreugde uit sy brief straal, het hy alreeds in 1941 een en ander daarvoor gepubliseer. Dit was egter in 'n publikasie waarvan hy self vermoed het dat dit as gevolg van oorlogsomstandighede verlore geraak het (vgl. Loader 1984:16). Tydens sy verblyf in Nederlands Oos-Indië gedurende die Tweede Wêreldoorlog skryf hy 'n artikel om aan sy mede-Nederlanders: "Het Afrikaansch als Volks- en Cultuurtaal" bekend te stel, waarin hy kortliks melding maak van 'n nouliks bekende tak van die literatuur, wat hy later sou beskryf as Arabies-Afrikaans. Die artikel is intussen opgespoor.

## 2. Doelstelling

Hierdie ondersoek het ten doel om inligting op te diep en verskaf oor wat dit geveerg het om Arabies-Afrikaans te boekstaaf. Wat word verstaan onder Arabies-Afrikaans? Die toevallige ontdekking van sommige materiaal en wat die soektog na verdere geskifte toe oplewer, word belig. Die agtergrond en nodige vaardighede van die persoon om die literatuur te ontsyfer kry ook aandag, hoe hy met die stof omgegaan het, en dat die ontsluiting van die oorsigtelike beeld van hierdie literatuur met bepaalde biografiese hoogtepunte van Van Selms saamgeval het. Baanbrekers van Arabies-Afrikaans word in die kollig gestel. Die rol wat godsdienstige behoefte by die vertaling van oorspronklike tekste speel en as 'n verrassing 'n refleksie van 'n Grieks filosofiese probleemstelling wat in 'n Moslem kategismus na vore kom. Latere reaksie op die aanvanklike transliterasie en vertaling van die Arabies-Afrikaans word aangeteken en bekyk. Van die hoogagting wat Afrikaans verwerf het deur in Arabiese skrif geskryf te word, neem 'n mens kennis. Westerse mense kan in hierdie literatuur kennis maak met die Islam. Wat Van Selms in gesprekke met sy Islamse vriende oor die inhoudelike van die tekste sou ophaal, word kortliks weergegee. Die vraag of en hoe Arabies-Afrikaans verband hou met Van Selms se siening oor die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans en waar Afrikaans in die familie van tale inpas, kom ook aan die beurt.

## 3. Van Selms se Arabiese agtergrond

Van Selms (1906–1984) is gebore in Amsterdam, gaan skool in die laerskool en gimnasium van Hilversum en studeer lettere en teologie in Utrecht. Arabies onder leiding van dr. M. Schönfeld vorm deel van sy leerplan. Sy broer Eduard (Van Selms s.j.) teken aan dat Adriaan in 1926 Arabies in Utrecht aangebied het. Op 30 Mei 1930 noem hy aan Frans Böhl dat hy dit oorweeg om die heidense "survivals" in die Koran as onderwerp vir 'n doktorsale proefskrif aan te pak (Van Selms 1930). In die vakgebied godsdiensgeskiedenis dui die term *survival* 'n menslike gewaarwording aan wat in 'n verbygegane stadium sin gemaak het in die geheel van 'n godsdiens, maar mettertyd uit pas geraak het in die nuwe milieu. Obbink (1929:12–3) (Obbink was Van Selms se promotor) noem as voorbeeld van so 'n "survival" die uit die kop uit leer

van, en die resiteer van, groot dele uit die Koran, wat die indruk wek dat die Koran die grondslag van die Moslem-samelewing sou vorm, wat egter nie die geval is nie. Hierdie voordrag is 'n oorblyfsel uit die tyd toe Islam nog 'n Arabiese godsdiens was. Sou die resitering afgeskaf word, sou dit nie 'n wesenlike impak op die lewe van die meeste Moslems hê nie. Dit mag wees dat die resiteer van gedeeltes uit die Koran 'n wesenlike kenmerk van die vroeë Moslem-gemeenskap was en steeds 'n ideaal bly, maar soos uit die toestande aan die Kaap duidelik word, kon die vereiste nie oral en altyd deur Moslems ewe goed nagekom word nie. Aangesien Van Selms toe nooit hierdie studie deurgevoer het nie, dien hierdie verwysing bloot om sy vertrouwe in sy vaardigheid in Arabies uit te lig. Van daardie voorneme oor die heidense "survivals" het toe niks gekom nie, want Obbink het hom aangeraai om eerder aan die Babiloniese terme vir *sonde* en die betekenis daarvan in die sondebef van die Babiloniërs te werk. Nietemin gee die inligting tog 'n aanduiding van hoe vaardig Van Selms met die Arabiese taal kon omgaan.

#### 4. Arabies-Afrikaans

In die begin van 1940 het prof. S.P. Engelbrecht, kerkhistorikus aan die Universiteit van Pretoria, vir die eerste keer vir Van Selms in aanraking met hierdie literatuur gebring (Van Selms 1951:6). Hy gee die benaming "Arabies-Afrikaanse literatuur" aan letterkunde wat in Afrikaans geskryf is met Arabiese letters (Van Selms 1951:7). Die agtergrond daarvan is nie dat dit die skryfwerk van Afrikaanssprekende Arabiere sou wees nie, maar dat die Afrikaans as vertaling van 'n oorspronklik Arabiese teks aangebied word. Van Selms sluit Islamitiese literatuur in 'n Afrikaanse vertaling, maar in Latynse letters gedruk, uit van die term *Arabies-Afrikaans*. Die vernaamste rede vir hierdie uitsluiting kom daarby dat die Nederlandse ortografie nie reg laat geskied aan hoe die Afrikaanse woorde uitgespreek sou wees nie. Die woord *sonder* soos dit in die Latynse letters staan en uitgespreek word, sou byvoorbeeld eerder as *soenir* uitgespreek gewees het soos wat die Arabiese skrif dit weergee en nie soos dit in die latere gestandaardiseerde skrifbeeld verskyn nie.

Van Selms (1951:8) is daarvan oortuig dat die Islamse literatuur aan die Kaap sy buiging in die Arabiese skrif gemaak het. Van die Latynse alfabet is eers later gebruik gemaak. Vir die datering van die tekste moet dus in ag geneem word dat die teks in Arabiese skrif ouer as dié in Latynse skrif is.

Van Selms (1951:8) gee toe dat dit darem hoog opgegee is om hierdie beskeie werkies, vertalings, literatuur te noem. Maar neem in ag dat dit die geesteslewe van 'n interessante groep mense uit Kaapstad en omgewing dokumenteer. Hulle is nasate van mense wat in die 17de en 18de eeu deur die Verenigde Oos-Indiese Kompanjie na die Kaap gebring is en het Islam aan die suidpunt van Afrika gevestig. Hoewel hulle toewyding by tye kon verslap het, het hulle die Islam bly handhaaf. Vroeg in die 19de eeu het dit vir sommige gelyk asof Islam hier in 'n doodloopstraat beland het. 'n Verslag van die Turkse regering stel dit in 1869 dat hulle niks meer as die besnydenis ken nie. Van Selms (1952a:16) meen egter dat die opmerking stellig oordrewe is. Want intussen is daar reeds stappe gedoen om enige moontlike insinking om te keer. Moslem-geleerdes het begin om Arabiese tekste saam met 'n Afrikaanse vertaling beskikbaar te stel. Die Afrikaans is in Arabiese skrif weergegee. Die ingryping is met soveel sukses bekroon dat die redakteur van *Moslem World*, S.M. Swemer, in 1925 oor dié Kapenaars kon verklaar dat "a larger percentage of the people are literate than perhaps in any other section of the Moslem world" (Van Selms 1951:9).

## 5. Die transkripsie van Arabies-Afrikaans: *Vraag en antwoord*

Dit is opvallend dat Van Selms se drie grootste publikasies oor Arabies-Afrikaanse tekste ook saamval met wat as bepaalde hoogtepunte van sy akademiese loopbaan beskou kan word. In 1951 aanvaar hy sy benoeming as buitelandse korrespondent van die Koninklijke Nederlandse Akademie deur sy *Arabies-Afrikaanse studies I. 'n Tweetalige (Arabiese en Afrikaanse) Kategismus*, kortweg *Vraag en antwoord*, voor te berei en vir publikasie aan te bied. Sy keuse het op *Vraag en antwoord* geval oor sy leesbaarheid, belangrike ortodokse inhoud, wydverspreide voorkoms, hanteerbare omvang en opbou. Die eerste uitgawe daarvan verskyn moontlik in 1868. Die vertaler en skrywer daarvan was sjeik Imam Ahmed. Hierdie boorling van Kaapstad was die Safi'itiese regsrigting toegedaan en was ook bekend as "Malekiet in kennis en geleerdheid" wat sy opleiding êrens in Noord-Afrika ontvang het (Van Selms 1951:22–3). In een eksemplaar van die boekie het 'n nasiener, wat volgens Van Selms goed op hoogte was van die Arabiese grammatika, ook nog klein verbeteringe aan die Afrikaanse ortografie aangebring. 'n Ander boekie, die *Kitaab*, geskryf deur sjeik Imam Behardien, dupliseer die grootste deel van *Vraag en antwoord* en kon plek-plek lig werp op onsekerhede. Die *Kitaab* moet egter versigtig betrek word, "te meer omdat dit nie orals presies dieselfde Arabiese teks veronderstel nie" (Van Selms 1951:25). Davids (2011:111) meen verkeerdelik dat dit nie *Vraag en antwoord* is wat Van Selms verwerk het nie, maar wel die *Kitaab*.

Van Selms (1951:32) erken dat die transkripsie hom hoofbrekens besorg het. In die tekste is tekens gebruik wat in gewone Arabiese tekste nie voorkom nie. Boonop sou standaard transkripsietekens dit moeilik gemaak het om die Afrikaanse woorde te herken. Buitendien sou die lesers, Neerlandici en Afrikaansbelangstellendes, nie op hoogte wees met 'n Arabiese transkripsiesisteen nie. Hy moes dus sy eie ontsyferingsisteen ontwerp. Kritiek het nie uitgebly nie. Prof. G.W.J. Drews het aanbeveel dat hy meer moes normaliseer deur byvoorbeeld "gekry" of "gakry" te skryf in plaas van "ghakarai" om die transkripsie meer leesbaar te maak. Van Selms (1953:72–3; vlg. voetnoot) wou nie daaraan toegee nie, want dit sou skade doen aan die destydse uitspraak en woordvorm. Die voorstel is ook aan hom gemaak dat hy 'n getoë kundige Afrikaanssprekende Kaapse Moslem moet vra om vir hom uit die tekste voor te lees om beter te kan transkribeer. Dit het toe gebeur, maar Van Selms het agtergekom dat die voorleser al lesende aanpassings aan sy eie tydgenootlike taal maak. 'n Mens moet Van Selms gelyk gee dat die ontsyfering nie maklik kon gewees het nie. 'n Opsomming van die aangepaste Arabiese klankstelsel, Tajwid, die fonetiese wetenskap van hoe die Koran gelees moet word, gee ons 'n blik op die taak op hande: Net 20 van die 29 konsonantletters van die Arabiese alfabet is gebruik. Hierby word nog sekere letters en simbole gevoeg en ses lettersimbole van Persies-Turkse en Maleise oorsprong. By die Arabiese vokaalklanke is nog 13 simbole ontwerp om die Afrikaanse klanke voor te stel om 'n totaal van 23 vokaalklanke te gee (Van Selms 1951:45; Davids 2011:185; Davids en Willemse 2020:32). Dit bly moeilik om 'n Indo-Germaanse taal met die tekens van 'n Semitiese taal weer te gee en die vindingrykheid waarmee dit wel gedoen is, het by Van Selms bewondering afgedwing (Van Selms 1951:46). Ook Davids is deur hierdie vindingrykheid beïndruk en hy verduidelik dat die Arabies-Afrikaanse skrywers die fonetiese simbole in 'n proses van "innovative orthographic engineering" (bv. Davids 2011:157) geskep het.

Van Selms (1951:37) het egter aangeneem dat die skriftelike weergawe van die Afrikaans-Arabiese literatuur deur mense gedoen is wat vertrouwd was met die Turkse alfabet. Hy bemerk geen Maleise invloed op die nadere ontwikkeling van die Arabiese skrif in die behandelde tekste nie. Die Turkse invloed geld net die skrif, nie die taal nie. Davids (2011:111) redeneer

weer dat die Maleise aanpassing van die Arabiese alfabet, Jawi, gestalte aan die Afrikaans gegee het. Ongelukkig baseer Davids sy kritiek op Van Selms se transkripsie van die *Kitaab*, “written in 1918 by Sheikh Ahmad Behardien” (Davids 2011:111), ’n teks waarteen Van Selms uitdruklik gewaarsku het dat dit met omsigtigheid gebruik moet word. Davids gee geen verduideliking vir sy verontagsaming van die waarskuwing nie.

Davids (2011:158) vertel dat hy as tiener bevoorreg was om lesings van sjeik Ahmad Behardien in die Shafee Moskee, Bo-Kaap, by te woon. Hy het Behardien se weergawe van *Vraag en antwoord*, wat Van Selms *Kitaab* noem, in Latynse skrif en in Arabies-Afrikaans gelees. Hy meen dat Van Selms nie reg laat geskied het aan die skryftradisie en die taalgebruik van Behardien nie. Die fout wat Van Selms begaan het, was om te noukeurig aan elke teken reg te laat geskied en dit terwyl die skrywer self sy Arabiese teks noukeurig gepunktueer het, maar heel onverskillig omgegaan het met die skriftekens en fonetiese aanduidings in die Afrikaanse teks.

Om die lees van enkele voorbeelde van transkripsies deur Davids en Van Selms hier onder te vergemaklik, eers net enkele woordverklarings:

- *baqā*: die bly, posteksistensie, “bestaan”
- *allāhu ta’ālā*: “Allah, Hy is verhewe”
- *mienang*: “betekenis”
- *is is*: dittografie (Davids het “is ... is”)
- *kirai*: lesing kan “krei” wees, maar dis minder waarskynlik
- *eit*: skryffout vir “ein”
- *dietsei*: Nederlands “deze”, “hierdie”
- *maak loens*: “maaksels”, as twee woorde geskryf, uit Nederlands “maakselen”.

Davids (2011:160) bied die onderstaande transkripsie as Van Selms s’n aan as antwoord op vraag 5: Wat is die betekenis van “bestaan”? Die leser moet daarop let dat met “die biwaisain” die antwoord op vraag 6: “Wat is die bewys van die bestaan van Allah – Hy is verhewe?” begin.

die mienang ian *baqā’ allāhu ta’ālā* hat nie ain eindei nie [...] die biwaisain ian fierstaat is [...] is die kirai ian die ghaskaapandle [...] maar waarlik as *allāhu ta’ālā* moet eit eindei hat dan sal *allāhu ta’ālā* firgaan [...] en as *allāhu yt’ālā* moet firgaan dan sal daar nie takirai wies iets ian dietsei maak loenas nie.

Van Selms (1951:51, 79) se eie transkripsie en vertaling lees egter soos volg:

Die mienang fan *baqā’ allāhu ta’ālā* hat nie ain aindei nie die biwaisain fan firstant is is die kirai fan die ghaskaapandie maar waarlik as *allāhu ta’ālā* moet eit eindei hat dan sal *allāhu ta’ālā* firgaan en as *allāhu ta’ālā* moet firgaan dan sal daar nie takirai wies iets fan dietsei maak loens nie.

Antwoord: Die betekenis van “bestaan” is dat Allah – Hy is verhewe – aangetref word.

Vraag: Wat is die bewys van die bestaan van Allah – Hy is verhewe?

Antwoord: Die redelike bewys: die bestaan van hierdie skepping, omdat as Hy nie aangetref sou word nie, Hy nie-bestaande sou wees; en as Hy nie-bestaande was, dan sou daar niks van hierdie skepping aangetref kon word nie.

Davids (2011:161) transkribeer en vertaal (voetnoot) soos volg:

*dee meening van baqaa' Allah ta' 'aalaa hat nee ait-ainde nee [...] dee biewaisain van verstant ies [...] dee krai van dee ghaskaapande [...] maar waarlielik as allahoe ta- 'aalaa moet ait ainde hat dan sal allahoe ta' aalaa moet vierghaan dan sal daar nie takrai wees eets diet sai maakloons nie.*

The term *baqā Allah ta'ālā* has no other meaning [...] The rational proof is the existence of this creation [...] but certainly if Allah, the Exalted, is not Eternal, then Allah, the Exalted, would cease to exist, and if Allah, the Exalted, ceases to exist, nothing of this creation would remain.

Dit is duidelik dat om 'n billike oordeel oor Van Selms se transkribering te vel, insae in die oorspronklike dokument nodig sou wees. Met die moontlikheid moet rekening gehou word dat Davids 'n Maleise dokument gebruik het om die Turkse, wat Van Selms getranskribeer het, te verwerk.

Dockrat (2020:67–77) gebruik vir sy bespreking ook dieselfde voorbeeld uit *Vraag en antwoord: Vraag 6*. Sy letterlike vertaling lui:

- [a] The proof of the mind is the getting of the creation;
- [b] but truly if Allah, He is most high, not must be, then there is no Allah,
- [c] and if there is not one Allah, then there will not be gotten anything of this creation.

Van Selms vertaal soos volg:

Wat is die bewys van die bestaan van Allah – Hy is verhewe?

- [a] Die redelike bewys: die bestaan van hierdie skepping, [b] omdat as Hy nie aangetref sou word nie, Hy nie-bestaande sou wees; en [c] as Hy nie-bestaande was, dan sou daar niks van hierdie skepping aangetref kon word nie.

Opvallend in Van Selms se vertaling is vir Dockrat die uitdrukking “Hy nie-bestaande” in reëls b en c, wat dan na Allah sou verwys. Dockrat verduidelik dat Van Selms nie onsensitief wou wees deur “Allah nie-bestaande” te vertaal nie, maar “Hy” gebruik het. Hy moes hom laat lei het deur die logika van die Islamse dogmatiek.

Dockrat onderstreep dat volgens die Islamse belydenisreël [b] en [c] neerkom op:

- if Allah were not, there would be no god [which can only be Allah] and if there were no god [which can only be Allah], there would be no creation.

Hy gee toe dat die *Kategismus* 'n vertaling van 'n oorspronklike Arabiese teks is wat ‘-l-h in plaas van ‘-ll-h, god in plaas van *Allah* kon gehad het (Dockrat 2020:77 voetnoot).

Dockrat (2020:76) kom tot die gevolgtrekking dat hoewel Van Selms deurgaans groot respek en waardering vir Islam toon, sy Arabies-Afrikaanse bydraes hoofsaaklik gedryf is deur sy belangstelling in die taal en dat sy teikengehoor die taalgemeenskap was. Dockrat se gevolgtrekking strook met Van Selms se eie voorneme dat hy die studie onderneem het met sy eie taalgenote in gedagte.

## 6. Die *Gablomalien* en die soektog daarna

In 1856 berig *Volksblad* oor 'n Maleise kategismus, die *Gablomalien*. Die berig is oorgeneem uit die *South African Commercial Advertiser* van 26 Julie: “We have received today the first number of a Malay Catechism, *Gablomalien*. The printer of the work is Mr. M.C. Schonegevel (Greenmarket Square). It is entirely in the Arabic language, and in every way reflects great credit on the printer, its execution being very good” (Van Selms 1951:17). Die “entirely in the Arabic language” lyk vir Van Selms verdag, want hy is seker daar sou 'n Afrikaanse vertaling by gewees het. Hy verduidelik ook dat “Maleis” in dié geval nie na die taal verwys nie, aangesien jong Moslem-katgisante in die Kaap teen 1856 nie meer in staat sou gewees het om in Arabies te katkiseer nie. “Maleis” beteken in hierdie geval dat die kategismus ten bate van die Maleiers is. Van Selms (1951:18) bly egter wonder oor die titel *Gablomalien*. Sou dit dalk die naam van die vertaler wees? S.A. Rochlin, skrywer van onder andere “Early Arabic printing at the Cape of Good Hope”, 1933, met wie Van Selms per brief en in gesprekke kontak gehad het, kon geen eksemplaar van die werk opspoor nie. Van Selms (1951:17–8) noem dat die drukker, Marthinus Carstens Schonegevel, in die *Cape of Good Hope Almanack, 1852* beskryf word as “artist, lithographer and letterpress printer”.

In 1830 het die *Cape of Good Hope Literary Gazette* al berig dat W.T. Robertson van die Bengaalse staatsdiens die voorneme gehad het om die oorspronklike teks van 'n Moslem-handleiding met Arabiese letters ook met 'n Engelse vertaling en 'n vertaling in Hollands die lig te laat sien (Van Selms 1951:16, 18). Van Selms verbeter ook die Hollands van Robertson se voorneme na Afrikaans toe. Hy moes sy voorneme uitstel omdat daar geen Oosterse lettertypes in die Kaap beskikbaar was nie, en dit later moes afstel.

Ongelukkig kon daar toe nog nie 'n eksemplaar van hierdie uitgawe opgespoor word nie. Met die beskikbare inligting ontstaan die sterk vermoede by Van Selms dat hy hiermee te doen sou hê met die oudste gedrukte Afrikaans, ouer as L.H. Meurant se *Zamenspraak tusschen Klaas Waarzegger en Jan Twyfelaar over het onderwerp van afscheiding tusschen de Oostelyke en Westelyke Provincie* van 1861, wat allerweë beskou is as die eerste Afrikaanse boek (Van Selms 1951:18–9).

Van Selms se aanbieding en onsekerheid oor die raaisel van die *Gablomalien* het die oog gevang van P. Voorhoeve, Conservator van de Oosterse Handschriften der Leidse Universiteitsbibliotheek. Hy laat weet dat daar 'n boekie in die biblioteek van die Indonesiese Kultuurinstituut is wat moontlik die *Gablomalien* kan wees waarna Van Selms soek. 'n Mikrofilm daarvan is aan Van Selms (1953:62–3) gestuur. Dit lei na die volgende fase van die kronologie van hierdie Arabies-Afrikaanse manuskrip.

## 7. Die oudste boek in Afrikaans: *Die betroubare woord*

In 1953 volg Van Selms sy *Arabies-Afrikaanse studies I* op met *Die oudste boek in Afrikaans: Isjmoeni se “Betroubare woord”*. Hiermee bereik hy nog 'n mylpaal in sy akademiese loopbaan deur sy waardering teenoor die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns uit te spreek dat die instelling instaan vir die publikasie van hierdie studie en vir die eer hom aangedoen deur hom as lid van die Akademie te verkies (Van Selms 1953:61). Waar *Vraag en antwoord* nie van so groot belang vir die taalkunde is nie, verdien *Die betroubare woord* wel die nougesette aandag van die taalhistorikus, want die uitspraak en woordvorm soos dit destyds was, tree hier na vore (Van Selms 1951:24; 1953:66;72–3)

Omstandigheidsgetuigenis lei Van Selms tot die gevolgtrekking dat *Die betroubare woord die Gablomalien* moet wees. Van die gedrukte weergawe van dié mikrofilm het Van Selms die transkripsie en vertaling van die “Oudste boek in Afrikaans” gemaak. Met sy transkripsie en vertaling reeds voltooi, sien Van Selms op besoek aan sjeik Behardien in Kaapstad ’n eksemplaar van die einste boek in Djakarta (Van Selms 1953:62–3). “Dit is baie goed moontlik dat die uitgawe waarvan in Djakarta en by Sjeikh Bahardien ’n eksemplaar aanwesig is, ’n latere druk, van nuwe plate, van die ouere werk is” (Van Selms 1953:64). Nadat die boekie vir die kategese gebruik is, bespeur hy ’n aanmerklike verbetering in die kennis van die geloofsleer by die katkisante. Minder anglisismes kom ook voor as in latere literatuur. Vir *selfde* word nog *seilftie* in plaas van die latere *saimstie* gebruik. Daar is ook nog geen spoor van die Engelse ortografie nie.

Sowel die titel as die aanhef van die boek dui die naam van die skrywer aan as “sjeikh Ahmed die Ismoeniet”. Die vier geslagte van Ahmed se stamboom gaan terug van seun van Abdul-Kariem, seun van Mohammed tot by seun van AbdulKariem, die Isjmoeniet. Aangesien hierdie name oorbekend onder Moslems is, meen Van Selms dat hy niks gaan wen deur die skrywer Ahmed te noem nie. Hy noem (1953:67, 69) die skrywer van die Arabiese teks dan liever Isjmoeni (1592–1689), ’n ortodokse teoloog van Egipte, na die stad elAsjmoenein, ’n welvarende stad aan die westelike oewer van die Nyl. Hy volg die leer soos deur al’Asjari en sy leerlinge ontwikkel is en maak gebruik van die dialektiek, Kalām, wat op die Griekse logika gegrond is om die jong Moslem te oefen in logiese denke, ’n werkwyse wat menige Westerse leser dwing om ’n betoog meer as een keer aandagtig te lees.

Die lang vertaalde titel: *Boek van die betroubare woord betreffende die uitleg van die sake van die godsdiens, deur die geleerde seergeleerde sjeikh Ahmed die Isjmoeniet, mag die verhewe Allah Hom oor hom erbarm. Amen* het Van Selms verkort na *Die betroubare woord* (Van Selms 1953:63). Hy is oortuig dat hierdie teks die ware Jakob, die *Gablomalien*, is waarna hy soek. Hoewel hierdie eksemplaar uit 1910 dateer, moet dit ’n latere weergawe van die eerste een verteenwoordig. Op die titelblad volg daar nog 25 bladsye en die omslag is op dieselfde goedkoop papier as die teks.

Aanvanklik het Davids (2011:90–1) ook gereken dat hierdie die oudste boek in Afrikaans sou wees. Iemand het egter ’n harde kopie van die *Kitab al-Qawl al-Matīn fī Bayān Umūr al-Dīn* aan hom besorg wat mooi ooreengekom het met die mikrofilm wat Van Selms gebruik het. Uit die spoggerige sierskrif op die titelblad identifiseer hy die vertaler as sjeik Abubakr ibn Abdullah ibn Abdurauf, verbonde aan die Claremont Hoofstraat Moskee. Hierdie sjeik was teen 1856 egter nog nie gebore nie en gevolglik kan *Die betroubare woord* nie die oudste boek in Afrikaans wees nie. Davids het ’n kopie van dié *Kitab* aan die Suid-Afrikaanse Biblioteek oorhandig. Hierdie verwikkeling sluit natuurlik nie die moontlikheid uit dat daardie gesogte oudste boek dalk nog êrens kan opduik nie.

## 8. Arabies as heilige taal

Vir die herstel en behoud van Islam aan die Kaap was Afrikaans die aangewese hulpmiddel om die boodskap mee oor te dra, aangesien Arabies nie hul spreektaal was nie, maar Afrikaans, wat Kaaps-Hollands insluit wat in die 18de en 19de eeu tot omgangstaal ontwikkel het. Uit die nood het hulle ’n deug gemaak deur die Afrikaanse leermateriaal in Arabiese skrif te klee. Vir die

Moslems is Arabies 'n heilige skrif wat deur Allah gegee is om die Heilige Koran mee te skryf. Om Afrikaans in Arabiese skrif te skryf gee 'n sterk aanduiding van hoe belangrik Afrikaans deur hulle geag was (vgl. Davids en Willemse:26–7). Die Arabiese skrif verleen 'n bepaalde waardigheid aan Afrikaans. Kaapse Moslems sou nooit na Afrikaans as “kombuistaal” verwys het soos wat die voorstanders van Hoog-Hollands wel gedoen het nie. Hoewel die Arabies-Afrikaanse literatuur hoofsaaklik uit vertalings van godsdienstige werke bestaan, is daar 'n oënskynlike uitsondering, naamlik die afgerolde “Spraakuns van ‘Ismā’il Hanif” uit die vroeë 20ste eeu. Die doel van dié werk is om Afrikaanssprekende Moslems Arabies te leer. Mens sou verwag het dat die voorbeelde uit die Koran geneem sou word, maar die oorspronklike teks wat as grondslag gedien het, het van praatjies oor die natuur en samelewing en deugde vir die burgerlike samelewing gebruik gemaak. Van Selms (1956b:16) betreur dit dat die Afrikaanssprekende kind onmoontlik Arabies uit dié handleiding sou kon leer. Die stof is eerder so aangebied dat Arabiesprekende kinders daarmee ingewy kon word in die fyner nuanses van hul moedertaal. Ten spyte van hierdie gebreke wat Van Selms aandui, bly hy bewus daarvan dat die Kaapse Moslems die Arabiese skrif as heilig beskou (Davids en Willemse 2018:32) en kan hy dit stel dat die bedoeling steeds was om die taal van die Koran, die taal waarin die Moslem sy gebede opsê, die saambindende taal van Moslems oor die wêreld heen, te bevorder en kom dit so in gelid met die res van die Arabies-Afrikaanse literatuur, wat 'n uitgesproke godsdienstige karakter vertoon (Van Selms 1956b:15).

## 9. Abu Bakr Effendi

Een van die geleerdes wat Kaap toe gestuur is om die Moslem-erfenis te verstewig, was Abu Bakr Effendi (c. 1835–1880), gebore in Khasjnaw, 'n “village laid in the plains of Shehrizūr, 192 km south of Lake Urmia” (Argun 2000). Abu Bakr se stamboom kan teruggevoer word na die profeet Mohammed toe, met die gevolg dat hy geregtig was op die titel “Sayyid” (“heer” of “meester”). Die “Abu”-deel van iemand se naam (dit beteken “vader van”) word dikwels deur sy nasate uitgelaat, en onder Europese invloed spel hulle hul naam Baker of ook Bekir. Die Turkse titel “effendi” (“heer”) word vir geleerdes gebruik. Die familie stam uit die Ariese ras van die Koerde wat die Islam aangeneem het (Van Selms 1968:4; Argun 2000).

Abu Bakr is aanvanklik in die godsdienstige skool van Shehrizūr in die Moslem-wetenskappe opgelei en het later sy studies in Istanboel voortgesit en in Bagdad voltooi. Volgens die inligting wat Abu Bakr se seun, Omar Jalāl udDin, aan Van Selms gegee het, is Abu Bakr, toe hy om hulp gevra het vir sy stamgenote wat deur 'n misoes geteister is, op die ingewing van die oomblik deur sultan ‘Abd ulMajīd op koningin Victoria se versoek na Suid-Afrika toe gestuur. Sy was bekommerd oor die groot onmin wat daar in die Kaap onder die Moslems geheers het. Van Selms meen dat die probleme verband gehou het met die toelaatbaarheid van die sogenaamde Khalifah-seremonie of Ratiep. Argun (2000) meen ook dat Ratiep nie te versoen is met Sjariawetgewing nie. Dit gaan oor selfverwondingsoefeninge wat deur Moslemse broederskappe onderhou word om hul lede meer godsdienstig toegewyd te maak (Van Selms 1960b:Vii-Xiii; De Graaf 1950:112–3). Dit moet hom ter ere nagegee word dat Van Selms agterdogtig was oor sultan ‘Abd ulMajīd se rol in die verhaal, aangesien hy reeds in Junie 1861 oorlede is. Argun (2000) bevestig Van Selms se agterdog deur te sê dat Abu Bakr in die era van sultan ‘Abdul ‘Azīz Kaap toe gestuur is. Argun gee ook meer inligting oor die aanloop tot die stuur van 'n Moslem-geleerde na die Kaap. Op 16 April 1862 het die Moslem-gemeenskap in die Kaap 'n brief aan die Kaapse parlementariër P.E. de Roubaix gestuur waarin hulle

versoek het dat 'n godsdienstige kundige van oorsee na die Kaap gestuur moet word. Hy het die Britse owerheid genader vir hulp, en hulle het die versoek aan die Osmanli-ambassadeur in Londen gestuur. Hy is gevra om die sultan skriftelik oor die aangeleentheid in te lig, met die parlement se beskrywing van die omstandighede aan die Kaap daarby. By ontvangs van die dokumente het die kalifaat bepaal dat aan die versoek voldoen moet word. Die hoofkantoor van Islam-sake het besluit om vir Abu Bakr van Bagdad, iemand “well versed in the Islamic sciences, who also had exceptional mental capabilities” (Argun 2000), te stuur. Op versoek van die Turkse ambassadeur in Londen is Abu Bakr in 1862 na Kaapstad gestuur om godsdienstige onderrig aan die Maleiers te gee.

Sy segsman vertel aan Van Selms dat Abu Bakr en sy assistent, Omar Lutfi Effendi, by hul aankoms in Kaapstad deur niemand verwag of ontvang is nie. Eers na drie dae het 'n Hollandse klerk die Maleise gemeenskap oor hulle teenwoordigheid ingelig en is inderhaas 'n ontvangs gereël. Abu Bakr het 'n huis op die hoek van Breë- en Waalstrate betrek en met sy lesings begin. Op grond van die reisjoernaal van Omar Lutfi Effendi verskil Argun (2000) met die weergawe wat Van Selms (1960b: Viii) aanbied. Hy teken aan dat hulle op die kaai deur ‘Abdullah, wat 'n bietjie Arabies geken het, ontvang is. Argun vul aan dat die seunskool “the Ottoman Theological School” gestig is en binne 20 dae 300 leerlinge getel het. Saans het Abu Bakr volwassenes geleer. Later is 'n skool vir meisies begin waarvan sy vrou die hoof was.

Hoewel sy geloofsgenote vir Abu Bakr entoesiasies ontvang het, was daar by hulle ook onkunde en onenigheid wat hul godsdienst betref, aangesien hulle Arabies tot 'n groot mate verloor het en intussen verafrikaans het en daar ook nie 'n aanvaarbare Islamse gesagsfiguur was wat die leiding onder hulle kon neem nie (Argun 2000).

## 10. Die *Bayān-al-Dīn*, Uiteensetting van die godsdienst

In 1869 skryf Abu Bakr die manuskrip van die *Bayān-al-Dīn*, *Uiteensetting van die godsdienst*, 'n gevokaliseerde Arabiese teks met 'n gevokaliseerde Afrikaanse vertaling en verklaring. Die Arabiese teks kan teruggevoer word na die handboek van Moslem-riglyne, die *Multaqā al Abhur* (*Die ontmoeting van oseane*). In 1877 het die Turkse regering die drukkoste gedra vir die publikasie van wat beskou kan word as Abu Bakr se geestelike visie (Van Selms 1968:4). Met begeleiding van Van Selms het Mia Brandel-Syrer (1960) 'n Engelse vertaling van Abu Bakr se Arabiese teks gepubliseer en Van Selms (1979:v–vi) 'n bewerking van sy Afrikaanse uiteensettings daarvan. En so het Abu Bakr sy regmatige plek in die *Afrikaanse Biografiese Woordeboek* gekry. “Van Selms se sorgvuldige baanbrekerswerk om die groot wêreld van die Arabies-Afrikaanse literatuur oop te maak bereik in *Uiteensetting* 'n pragtige hoogtepunt” (Ponelis 1981:78). Terugskouend op sy werk aan die Arabies-Afrikaanse literatuur sien Van Selms (1979:xvii) dit as 'n belangrike bydrae wat hy met vreugde aan Suid-Afrika kon lewer, die land waar hy meer as die helfte van sy lewe deurgebring het. Sy werk as dosent in Semitiese tale het hom gedwing om hom besig te hou met tye en lande wat ver verwyderd is van Suid-Afrika.

Oor hoe hy sy werk in die Kaap beleef en aangepak het, skryf Abu Bakr:

In dié tyd kom 'n groot klomp van Moslem-mense en van mense wat Moslem wil word by my om (die) affêre (van die) godsdiens te leer, en die wetenskappe wat van mono-teïsme en van ritueel praat was in Suid-Afrika tussen Moslem-mense verlore en hulle se gemanierdheid (is dat) hulle haastig die les vergeet. Dan is (dit) nodig (dat) ek in die taal wat meer duidelik is tussen hulle moet skryf, (so)dat hulle (die) godsdiens met gemak op die regte manier kan weet. (Van Selms 1979:ix)

Na die inleiding deur Van Selms begin die transkripsie van Abu Bakr se Afrikaanse teks van sy *Uiteensetting van die godsdiens* op die linkerbladsy 2, gevolg deur 'n weergawe in moderne Afrikaans op die regterbladsy 3. Die patroon word regdeur gehandhaaf tot op bladsy 219, waarna 'n register van Arabies-Afrikaanse woorde volg. Met hierdie werk lê Van Selms die lywigste werk uit die vroeë Afrikaanse literatuur aan die publiek voor. Aangesien Abu Bakr geen Nederlands geken het nie, kan direkte Nederlandse invloed op sy taalgebruik uitgeskakel word (Van Selms 1979:xiv). Argun (2000) oordeel dat die *Bayān-al-Dīn* “filled an important gap in the history of Muslims of the Cape of Good Hope as far as their Islamic education is concerned. It was also a major contribution to the development of a literary tradition amongst the Muslims of the Cape.”

Die boek is in Istanboel gelitografeer deur iemand wat nie Afrikaans geken het nie. Van Selms moes daarmee rekening hou dat klinkertekens en diakritiese punte verkeerd geplaas is of net weggeval het. Abu Bakr gee die *e* weer deur die *a*-teken bokant die konsonant te plaas en 'n *i*-teken daaronder. Val die *a*-teken weg, staan daar 'n *i* in plaas van 'n *e*. Oor die woord “mense” in “O, die mense wat geloof het” (Van Selms 1979:2–3) merk Davids (2011:169) op dat die skrywer, Abu Bakr, wel “mense” gehoor het, maar dat die kalligraaf wat sy boek vir drukwerk voorberei het, die teken om die nasalering aan te dui nie verstaan het nie en dit toe weggelaat het. Dit het Van Selms daartoe gelei om “miesie” te transkribeer. Baie ander voorbeelde van sulke weglatings het ook in die *Bayān-al-Dīn* voorgekom.

Abu Bakr se invloed onder die Kaapse Moslems kon nog sterker gestaan het as dit nie was vir die verskillende Moslemse regskole nie. Dié Kapenaars het naamlik die Indonesiese tradisie gehandhaaf waarin die Sjafi'itiese rigting groot aanhang geniet het, terwyl Abu Bakr 'n aanhanger van die Hanafitiese “regskool” was wat weer sterk in Turkye gestaan het. Hoewel die rigtings mekaar as ortodoks eerbiedig het, het “de lieden van de Kaap”, soos die Suid-Afrikaanse Moslems in Mekka bekend was, Sjafi'ite gebly (Juynboll 1930:20, voetnoot). Van Selms (1968:5) is egter oortuig dat Abu Bakr wel die kulturele en geestelike lewe van die Maleise gemeenskap versterk het. Argun (2000) verduidelik dat Abu Bakr in 1866 in die hof verklaar het dat hy 'n Sjafi'i is. Maar hy is tog deur die Kaapse Moslems as 'n Hanafi beskou, aangesien sy onderrig gebaseer was op die vereistes van die Ottomaanse Departement van Onderwys wat oorwegend Hanafi-gesind was.

## 11. Godsdienstige behoefte

Die Arabies-Afrikaanse literatuur bestaan hoofsaaklik uit vertalings van godsdienstige werke. Godsdienstige belange was immers nog altyd die groot dryfveer vir vertaalwerk (Van Selms 1951:20). Belcher (1986) noem ook nog die voorbeeld dat op sendingstasies soos die Genadendal Broederkerk, Afrikaans, op aandrang van buitelandse sendelinge, die amptelike taal was. Vanaf 1864 het die kweekskool daar verseg om in te gee teen die aandrang van die

owerheid om te verengels. Neem in verband met die vertaalwerk in ag dat die godsdienstige waarheid as die uiterste, omvattende verklaring van die werklikheid wil wees. Hierdie waarheid is nie van hier nie, maar van die oerbegin af. Vir 'n godsdiens sou dit noodlottig wees om homself as iets nuuts aan te bied. Omdat eietydse mense gewoonlik nie toegang tot die taal van die oorspronklike tekste het nie, is hulle aangewese op vertalings. 'n Vertaling wil aan die een kant toegang tot die oorspronklike bron open, maar aan die ander kant ook daarop wys dat die oorspronklike tog maar die eintlike ware een is, die poort na die regte verstaan.

## 12. Griekse erfenis

Die Romeinse keiser Justinianus sluit in 529 n.C. die Atheense Akademie en die dosente vlug na Persië toe. Die regeerders daar is verdraagsaam teenoor die Griekse erfgoed. Griekse en Persiese kultuur was van lankal af nie vir mekaar vreemd nie en dateer terug na die dae van die Ou Testamentiese Kores, die stigter van die Persiese Ryk. Ook Nestoriaanse Christene het in Persië 'n heenkome gevind om van die vervolging van die Ortodokse Kerk te ontkom, en hulle ontvangs het ook baie Griekse invloed ingebring. In die tweede helfte van die 7de eeu neem Moslems Persië oor en begin hul Goue Eeu. Moslem-regeerders word beskermhere van die wetenskap, kunste en vertaling van werke uit verskillende kulture. Bagdad word die hoofstad van die Islamse Ryk en binne 'n paar dekades die wêreldsentrum van geleerdheid. Kalief Harun al-Rashid vestig daar 'n biblioteek, Huis van Wysheid, wat deur sy seun Al-Ma'mūn, wat van 813 tot 833 n.C. regeer, uitgebou word tot die sentrum van die Arabiese vertaalbeweging. Die vrugte van hierdie werk stel die Griekse filosofie beskikbaar aan die Middeleeuse Moslemgeleerdes, by wie Plato 'n gunsteling was (Ali 2022; Van Selms 1953:69).

Min het ek kon dink dat ek in 'n Moslem-kategismus op 'n passasie sou afkom wat sterk herinner aan 'n kwelvraag wat die einste Plato onder woorde gebring het. In sy dialoog *Eutuphro* formuleer Plato die vraagstuk: Is die vroomheid vroom omdat dit vir die gode aangenaam is; of is die vroomheid vir die gode aangenaam omdat dit vroom is? Hier volg eerstens 'n vertaling van die Grieks en daarna die transkripsie van die Arabies-Afrikaans:

Sokrates: Ons sal binnekort beter weet, my flinke vriend. Oorweeg tog die volgende: Word die vroomheid bemin deur die gode omdat dit vroom is, of is dit vroom omdat dit deur die gode bemin word?

Eutuphro: Ek verstaan nie wat jy vra nie, Sokrates.

Sokrates: Ek sal probeer om nog meer verstaanbaar te praat. Ons praat van iets wat gedra word en van een wat dra, van iets wat gelei word en van een wat lei en van iets wat gesien word en van een wat sien en in al hierdie uitdrukkings begryp jy dat hulle van mekaar verskil en ook waarin hulle verskil?

Eutuphro: Ek dink ek verstaan. (Plato:1964:10a; Boshoff 2023:26)

Die gedeelte in *Die betroubare woord* wat die invloed van die Sokratiese dialektiek toon, lees in Van Selms se vertaling vanuit die Arabies soos volg:

As vir jou gesê word: “Is die geloof geskape of ongeskape?” – sê dan: Die geloof is ’n erkenning en ’n leiding. Wat betref die erkenning, dit is die daad van die dienaar, en dit is geskape; wat betref die leiding, dit is ’n daad van die Here, heerlik is Hy en aan Hom behoort die heerlikheid, en dit is ongeskape. Die leiding is van Allah, en die gelei-word en die vra om leiding is van die slaaf. Wat van Allah is, is ongeskape; die slaaf, met al sy attribute, is geskape. Wie nie die attribuuat van Allah van die attribuuat van die slaaf onderskei nie, is ’n nieuligter. (Van Selms 1953:88)

Van Selms kon dit nie nalaat om ook sy gedagtes te laat gaan oor dié ewige vraagstuk nie. Hy formuleer dit soos volg: Is God ook die skepper van en soewerein oor die geestelike waardes, of laat Hy Hom deur hierdie geestelike waardes in sy optrede bepaal?

In die 16de eeu het Martin Luther en Desiderius Erasmus die vraag verskillend beantwoord. Aan Luther se kant het “theologiese gloed”, teologiese hartstog of deesdae “theologiese Existenz”, die deurslag gegee, terwyl “zedelike fijnheid”, sedelike fatsoenlikheid, vir Erasmus die swaarste geweeg het (Van Selms 1960a:2). Die twee figure van Luther en Erasmus word dikwels gebruik om die teenstelling tussen die Christendom en die humanisme uit te lig en hoog op te blaas. Van Selms vind dit eensydig dat die teenstelling so op die spits gedryf word, asof dit onvermydelik op ’n brekspul moet afstuur. Net so ’n goeie saak kan daarvoor uitgemaak word dat die twee strome mekaar dikwels gevind en aangevul het. Dink maar aan die vriendskap en hartlike samewerking tussen Luther en Philippus Melancthon. Humanisme mag wel van die Christendom verskil, maar onthou dat medemenslikheid in die eerste plek die teenoorgestelde van barbaarse optrede is, en laasgenoemde is wat ons almal se vyand is (Van Selms 1941b:5).

### 13. Intellektuele beskoulike aspekte van die vertaalde tekste

Die Arabies-Afrikaanse literatuur bied ’n nuttige kennismaking vir Westerse mense met die Islam soos dit in die godsdiensonderrig aan die eenvoudige belyer vorm kry (Van Selms 1951:10). Die Islam staan sy man as die intellektuele gelyke van die Christelike teologie en vereis ’n hoë mate van dialektiese vermoë van die katkisant. Van Selms (1980:48) kon ook as een van die vreugdes wat die Ou Testament verskaf, die feit uitsonder dat mens daarin hoogs intelligente mense ontmoet. Hulle wyse van redevoering is dieselfde as wat ons nog steeds gebruik.

Dat Van Selms respek afgedwing het by sy Islamse vriende en waardering onder hulle geniet het, spreek uit die feit dat Achmat Davids sy *The Afrikaans of the Cape Muslims* onder andere ook aan hom as “brave Afrikaner” opgedra het. Uit die aard van so ’n verhouding kan ’n mens verwag dat hulle ook diep sou delf in verband met die inhoudelike van die tekste waarmee hulle besig was.

Dit lei ons na ’n kort opsomming van wat Van Selms in so ’n verband sou ophaal.

In voor-Asië verteenwoordig Israel die Weste. Met “die Weste” word nie ’n aardrykskundige teenstelling bedoel nie, maar ’n onderskeid in lewensopvatting. Die wesenlikste teenstelling is dié tussen outoriteitsgeloof en kritiese sin. Dit gaan oor die vraag of die vernaamste deug van die onderdaan gehoorsaamheid of selfstandigheid moet wees. Begeer die mens mag of vryheid? In hierdie verband het Israel ’n duidelike keuse gemaak. Die gevaar wat Israel egter nou loop,

is om hulleself aan selfverheerliking skuldig te maak. Maar, so oordeel Van Selms (1956a:26), 'n kritiese sin was van oudsher een van die kenmerkende eienskappe van die Jodedom. Op grond van hierdie karaktertrek sou hulle hierdie struikelblok uit die weg kon ruim.

Die Islam is volgens Van Selms (1956a:27) 'n tipiese outoriteitsgodsdienst. Sy Islamse vriende is oor die algemeen nogal progressief en hervormingsgesind en hulle hou vol dat die oorspronklike Islam 'n appèl tot verantwoordelike optrede aan die individu rig. Maar Van Selms meen dat die oorspronklike rigting nou deur 'n ander een oorwoeker is. In die Christendom is die magsidee getemper deurdat God se almag die almag van sy liefde is. In die Islam staan die outoriteit voorop. Maar aangesien die Arabiese bevolking van die Nabye Ooste nie kollektivistiese is nie, koester Van Selms die hoop dat die Arabiese state mag ontdek dat hulle meer met die Weste as met die Ooste gemeen het. "Het grote struikelblok is het bestaan van de staat Israel, waarin zij het Westen vijandig vertegenwoordigd zien" (Van Selms 1956a:28).

#### 14. Van Selms oor die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans

In sy *Arabies-Afrikaanse studies I* stel Van Selms (1951:11) drie vrae wat hy meen deur die Arabies-Afrikaanse literatuur aan die studie van die oorsprong en ontwikkeling van Afrikaans gestel en beantwoord moet word:

1. Is Arabies-Afrikaans 'n groeptaal of weerspieël dit 'n stadium in die ontwikkeling van Afrikaans?
2. Is die Nederlandismes egte oorblyfsels van die Nederlandse spreektaal van vroeër eeue aan die Kaap of moet dit toegeskryf word aan amptelike Nederlands in Kaapse publikasies?
3. Het hierdie literatuur iets vir of teen bestaande teorieë omtrent die ontstaan van Afrikaans by te dra?

Van Selms (1941a:263) aanvaar dat 'n definitiewe datum vir die ontstaan van Afrikaans nie gegee kan word nie, maar meen dat 1750 wel naby aan die kol sou wees. Na 1750 droog die stroom van Europese immigrante en die invoer van slawe na die Kaap op en ontwikkel die heterogene bevolking tot 'n duidelik geprofileerde spraakgemeenskap. Teen 1775 kan die taal wat gepraat word, met reg Afrikaans genoem word (Raidt 1991:111, 173). Van daar af sou dit nog lank duur voordat die nuwe taal skriftelik neerslag gaan vind. 'n Voorbeeld van die ontluikende Afrikaans vind Van Selms in die korrespondensie van die Voortrekkers waar die Hollandse onderskeid tussen "de"- en "het"-woorde verval het. Hy vergelyk die destydse posisie waarin Afrikaans verkeer het met dié van 'n onderaardse rivier, waarvan 'n mens die geluid soms hoor, maar wat self onsigbaar bly. Nou en dan verskyn dit egter wel bogronds wanneer dit ingespan word in koerante en klugspele om komiese effekte te bereik (Van Selms 1941a:263).

Sinkroniese taalkunde beskryf die taal soos dit op 'n gegewe tydstip funksioneer, terwyl diakroniese taalkunde op die opeenvolgende taalkundige verskynsels let. Taalvernuwing is egter altyd aanwesig in die sinkroniese sisteem, en breek dan later as verandering deur. Die sinkroniese sisteem is 'n onstabiele kombinasie van veranderinge wat al staanplek verower het en veranderinge wat aan die kom is, gebaseer op 'n inherente basis van durende onveranderlikheid, 'n toedrag van sake waarna ook al as 'n "submerged iceberg" verwys is (Raidt 1994:5). Waarop Van Selms met sy beeld van die ondergrondse rivier klem wou lê, is dat Afrikaans 'n

afsonderlike taal is, verwant aan en afgestam uit Nederlands, “maar niettemin een zelfstandig bewijs van de groeikracht der Dietsche taalgroep” (Van Selms 1941a:259). Wanneer Van Selms in 1951 weer oor die saak skryf, maak hy die beskeie opmerking dat hy nie bevoeg is om die betekenis van die Arabies-Afrikaanse literatuur vir die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans uit te pluus nie. Het ons hier met ’n groeptaal te doen of pas dit êrens in by die ontwikkeling van Afrikaans (Van Selms 1951:11)? Vanuit die Arabies-Afrikaanse agtergrond voer Davids (2011:164–5) aan dat ten spyte daarvan dat verskille tussen die skryfwyses van die skrywers van Arabies-Afrikaans voorkom (sjeik Abdurahim gee byvoorbeeld die uitspraak *kra-agh* vir “krag” en Ghatieb Magmoed weer *kāra-agh*), daar meer ooreenkomste as verskille is in die gesproke Afrikaans van alle Suid-Afrikaners. Vanuit hierdie standpunt kritiseer Davids dan vir Van Selms en andere dat hulle met hul transkribering ’n eensydige indruk skep dat die verskille tussen die groepe deurslaggewend sou wees. Van Selms sou egter tog sy uitspraak van die sinkroniese sisteem, uitgedruk in die beeld van die ondergrondse rivier wat nou en dan bo uitstoot, kon gebruik het om die gemeenskaplike in die Afrikaans van alle Suid-Afrikaners uit te beeld. Volgens dié beeld het Afrikaans nou sy eie lewe gehad. Die taalgegewens en die sprekers wat Van Selms uitlig, sluit gemaklik aan by Raidt (1984:80) se waarneming: “Die geleidelike verandering van Nederlands na Kaaps-Nederlands en uiteindelik na Afrikaans het by alle bevolkings- en maatskaplike groepe in die verskillende streke van die kolonie – stedelik en plattelands – min of meer gelyktydig plaasgevind.”

Van Selms (1941a:261) maak die stelling dat Afrikaans “oorspronklik” nie die taal van die nedersetters onderling was nie. Hy sê dit nie self so prontuit nie, maar die afleiding is voor die hand liggend dat hy bedoel dat hulle in Hollands gekommunikeer het. Dwarsdeur die 19de eeu bly Nederlands die amptelike taal in die staatsdiens, kerk en skool, en later Engels (Van Selms 1941a:263; vgl. ook Raidt 1991:238). Afrikaans is geskik geag vir mondelinge gebruik in die verkeer met ondergeskiktes en in huislike omstandighede. “In alle ander omstandighede het van huis uit Afrikaanssprekendes Nederlands gepraat of probeer praat; en altyd het hulle Nederlands geskrywe of probeer skrywe, selfs in briefwisseling tussen familieleden en intieme vriende” (Scholtz:1980:4).

’n Verdere afleiding uit Van Selms se stelling sal die erkenning van die tweetaligheid, die Nederlands- en Afrikaanse tweetaligheid van die Kaapse burgers moet wees: “Lank voor Afrikaans tot kultuurtaal verhef is, was dit die besit ook van regsgeleerdes, teoloë, amptenare, handelaars en ander” (Scholtz 1963:231; vgl. ook Raidt 1991:241). Ook vir die binnelandse besetters van die 19de eeu was die ideaal om Nederlands te skryf “en, wanneer die omstandighede dit regverdig, ook te probeer praat. Van hierdie ideaal het daar nie veel tereg gekom nie” (Van Rensburg en Combrink 1984:110).

Van Selms (1941a:261) wys op twee kenmerke van Afrikaans om daaruit ’n afleiding oor die ontstaan van Afrikaans te maak. Aan die een kant is Afrikaans konserwatief wat sy woordeskat betref deur 17de-eeuse woorde te behou wat in Nederland nie meer gebruik word nie. Aan die ander kant doen Afrikaans weg met alle verbuigingsvorme, waardeur werkwoordgebruik sterk vereenvoudig word. Hierdie kenmerk van Afrikaans verklaar hy uit die sprekers van die taal. Die konserwatiewe woordeskat kan aan die ontwikkelde Kaapse burgers toegeskryf word. Ter ondersteuning van sy standpunt sou Van Selms hom kon beroep het op ’n opmerking van Scholtz (1963:230): “Dit kom my voor dat die gebruik van Nederlands deur Kaapse burgers as spreektaal en in geskifte ’n lang tyd gedien het as brug wat die oorgang van Nederlandse woorde in Afrikaans vergemaklik het.” Wanneer die huisbediendes – slawe as jy wil – met die Kaapse burgers kommunikeer, geskied die gesprekke in Afrikaans, en van die kant van die

bediendes het die vereenvoudiging van die taalvorme gekom. Afrikaans was die taal waarin huisbediendes – sê maar slawe – hulle base geantwoord het en die taal waarin hierdie meesters hulle wense aan hul onderhoriges oorgedra het. Die onderhoriges was Kompanjieslawe wat uit Indië aangekom het of as dwangarbeiders gestuur is (Van Selms 1941a:261–2).

Deur Afrikaans gestalte te laat kry in die gesprekke tussen Kaapse burgers en hul ondergeskiktes, beantwoord Van Selms self die vrae wat hy met sy ondersoek aan die orde stel. Arabies-Afrikaans is nie ’n groeptaal nie, dit weerspieël ’n stadium in die ontwikkeling van Afrikaans – die bydrae van die ondergeskiktes. Die Nederlandismes is egte oorblyfsels van die Nederlandse spreektaal – die bydrae van die Kaapse burgers. Die Arabies-Afrikaanse literatuur verskaf ’n historiese bewys van die bydrae van die Moslem-gemeenskap.

Die interessante is dat Van Selms hierdie vrae in 1951 gestel het en daarmee seker Afrikaanse taalkundiges wou uitdaag. In 1941 het hy, wat homself betref, met oortuiging sy eie standpunte gestel, egter in ’n artikel wat hy gedink het intussen verlore geraak het.

Met sy verklaring van die ontstaan van Afrikaans slaag Van Selms daarin om die eksterne taalsosiologiese faktore van die sprekers van Afrikaans te laat korreleer met die interne historiese taalwetenskap waarvolgens Afrikaans sy Nederlandse verlede lewend hou deur sy woordeskate, maar ook toegee aan die vereenvoudigingsproses van Kaaps-Hollands. Van Selms stel hom ’n taalsosiologiese uitbouing voor op die grondslag van historiese taalwetenskap wat sy aanbieding uitlig bo ’n bloot spekulatiewe besinning oor taal (vgl. Carstens 2001:17).

Van Selms se beskouing kom in ’n hoë mate ooreen met wat Conradie en Groenewald (2014:50) as die tradisionele aanname beskryf waarvolgens Nederlands verreweg as die hoofvoedingsbron vir Afrikaans beskryf word. Die toedrag van sake waarin twee vorme van dieselfde taal naas mekaar bestaan, word *diglossie* genoem, en dié term sou geld vir die verhouding tussen Afrikaans as laer informele spreektaal en die hoër Nederlands: Die hoër vorm, Nederlands of Hoog-Hollands, word as skryftaal gebruik terwyl Afrikaans in alledaagse omgang gebruik word. Al wat met die standaardisering gebeur het, was om die spreektaal of volkstaal tot skryftaal of kultuurtaal te verhef, om Nederlands dus amptelik deur Afrikaans te vervang.

Vir Van Selms is dit duidelik dat ’n onnatuurlike toestand aan die ontwikkel was waarin die Afrikaners nie meer die taal gepraat het wat hulle gelees het nie en ook andersom nie meer geskryf het soos hulle gepraat het nie. Iets sou moes meegee. Die volkstaal moes kultuurtaal word of die kultuurtaal volkstaal. Gebeur dit nie, was dit duidelik dat Engels eenvoudig hand oor hand sou toeneem en die volks- en kultuurtaal sou vervang. As Afrikaans nie in 1925 tot die voertaal in die staat, kerk en skool gemaak was nie, sou Engels alleen oorgebly het (Van Selms 1941a:263–4).

Baie Nederlanders kry dit moeilik oor die hart dat mense ’n taal soos Nederlands laat vaar het vir hierdie taal. Dié wat so voel, moet darem in ag neem met wie hulle saamspan, dat die Engelse in Afrika, vir wie Afrikaans “not a language” is en wat graag teenoor Nederlanders gunstig uitwei oor “High-Dutch”, ook in hierdie droewigheid deel. Van Selms redeneer egter dat hoewel die erkenning van Afrikaans die ondergang van Nederlands in Suid-Afrika was, die ontwikkeling tog ook uitgespeel het as die redding van die Dietse taalgroep: “Wie Hollandsch-particularistisch denkt, zal het gebeurde betreuren; wie groot-Nederlandsch denkt, het toejuichen” (Van Selms 1941a:264).

Afrikaanse taalgeleerdes praat van die Dietse taalfamilie wat uit drie tale bestaan: Hollands, Vlaams en Afrikaans. Volgens Van Selms is dit histories nie korrek nie, want Afrikaans het uit Hollands ontstaan. Hy gee egter toe dat wat die groepering van tale betref, die geskiedenis nie die laaste woord hoef te hê nie. Laat die lewende hede eerder die oordeel vel. Om enige moontlike agterdog teë te werk verduidelik hy dat Afrikaans nie maar bloot 'n dialek van Hollands sou wees nie en stel hy dit dat Afrikaners uiters gevoelig oor hul taal is en dit as die gelyke van Nederlands of enige ander kultuurtaal ter wêreld beskou. Hoewel die grens tussen dialek en volwaardige taal moeilik getrek kan word, sal geen taalgeleerde ooit die Afrikaners se reg betwyfel om Afrikaans nie 'n dialek nie, maar 'n taal te noem nie. Vir Van Selms loop die verhaal van Afrikaans daarop uit dat daar 'n einde aan die toestand van diglossie moes kom. Die feitelike situasie beskryf hy so, met 'n verwysing teen die einde van sy opsomming na die *Afrikaanse Woordelys en Spelreëls* en die AWS'e daarna:

[H]ier is een bevolking, die ook bij de meest officiële gelegenheden Afrikaansch spreekt; die een geheele literatuur in deze taal geschapen heeft, en de fijnste dichtertelijke roerselen en de ingewikkeldste wetenschappelijke redeneeringen daarin onder woorden gebracht heeft: die na een tijdperk van onbeperkte uitbotting het snoeimes gebruikt heeft en vaste regels heeft aanvaard. (Van Selms 1941a:258)

Uit dialekgeografiese ondersoek aanvaar Van Selms (1941a:261) dat die voedingsbodem van Afrikaans deur die provinsies van Noord- en Suid-Holland en, nog nader, in die driehoek van Den Haag-Rotterdam-Gouda gevorm is. Hy kan die stelling met vertroue maak, aangesien hy van 1930 tot 1935 predikant in Hansweert, Zeeland, was en in noue kontak met die spreekwyse in daardie geweste gekom het. Van 1930 tot 1938 was hy Hervormde predikant, eers in Hansweert en daarna in Culemborg. Hoewel Culemborg geografies onder Gelderland gereken is, het die Hervormde Kerk die gemeente onder die Suid-Hollandse sinode ingedeel. Dat Culemborg ook die geboortestad van Jan van Riebeeck is, het Van Selms se belangstelling gaande gehou. Die ou patrisiërshuise op die Markt en elders herinner Van Selms aan die stigter van die neder-setting aan die Kaap: “As kind het hy hulle gesien, en nog kan ons hulle bewonder: toonbeelde van die rykdom, ondernemingsgees en kunssin van die stoere geslag wie se eienskappe ook hy geërf het” (Van Selms 1952b:53). In 1938 word Van Selms benoem as lektor in Semitiese tale aan die Universiteit van Pretoria en hy beklee van 1947 tot 1971 sy professoraat daar.

Van Selms vind dat die Afrikaanse woordeskat behoudend in die ware sin van die woord is. Allerhande 17de-eeuse woorde waarvan die Hollanders al vergeet het, word gereeld in Afrikaans gebruik. 'n Hond wat weggejaag word, hoor “vortsek”, 'n woord wat Van Selms ook in 'n Hollandse boekie van 1818 lees, 'n sametrekking van “Voort! Zeg ik”. Omtrent almal dink dat “storie” 'n anglisisme is, maar Joost van den Vondel praat in 'n gedig van 'n “achtbre storie-schrijver” (Van Selms 1941a:261).

Van Selms benut die ervaring van professor Smith, skrywer van die *Afrikaanse Woordeboek*, wat uit die renons wat hy – soos baie Afrikaners – in Hollanders gehad het, aanvanklik geneig was om die nie-Hollandse invloede op Afrikaans hoog aan te slaan, maar “[n]a jare van studie en onderzoek in verband met zijn dictionnaire is hij echter tot de conclusie gekomen, dat 99½% der woorden van Hollandschen oorsprong is” (Van Selms 1941a:260). Smith verwerp toe inderdaad die teorie dat Afrikaans die resultaat van 'n botsing tussen Nederlands en slawe-Portugees sou wees. Sommige van die “Maleis-Portugese” woorde wat in Afrikaans voorkom, soos *kapok*, *katjiepierung*, *baklei* en *soebat*, kan in Nederlandse geskrifte van voor 1652, toe die Afrikaanse tydperk begin het, gelees word. Smith beaam dat Afrikaans van huis uit 'n Hollandse taalvorm is (Smith 1962:245–50, 350).

Van Selms (1941a:265) waardeer die Afrikaanse woordeskat wat suiwerder is as die Hollandse. Hulle praat van *vuurhoutjie*, nie van *lucifer* nie, van *duikweg*, nie van *viaduct* nie, van *rekenmeester* en nie van *accountant* nie.

Benewens vir wat reeds bereik is, is die entoesiasme vir die taal 'n sterk faktor in die guns van Afrikaans. Vir “die taal is gans die volk” na afloop van die Tweede Vryheidsoorlog (1899–1902) toon Van Selms groot begrip. Die mense het niks anders gehad waarin 'n volksgevoel uiting kon vind nie, daarom kon dié slagspreuk tot hulle spreek. Deur Afrikaans het die Afrikaners daarvan bewus geraak dat hulle 'n volk is. Om die taal te suiwer en uit te bou was 'n saak van nasionale belang. “Men stelt er een eer in, om goed Afrikaansch te spreken; op hoe hooger intellektueel peil men staat, des te minder Engelsche woorden gebruikt men” (Van Selms 1941a:266). Daarmee stel hulle 'n voorbeeld wat gerus deur Nederlandse geleerdes en joernaliste gevolg kan word.

Afrikaans kan ook die instrument wees waarmee 'n deel van Afrika gespaar kan bly van die globale “nuwe orde” waarmee totalitêre state hulleself aan ander wil opdring (Van Selms 1941a:264). In die berig oor die profeet Elisa se aanbod om 'n woord vir die Sunemitiese vrou by die koning of die bevelvoerder van die leër te doen, antwoord sy: “Ek woon onder my volk” (2 Kon. 4:13, 1953-vertaling). Van Selms betreur dit dat die gevoelswaarde van haar woorde in enige vertaling verlore moet gaan, maar hoor daaragter die geluk wat te vinde is in die verbondenheid aan die eie volk. In die midde van die eie volk het 'n mens nie die beskerming van 'n koning of 'n generaal nodig nie en ook nie 'n profeet om 'n woordjie vir jou te doen nie. “Die vaderlandsliefde is hier dankbare trots en edele selfgenoegsaamheid” (Van Selms 1946:167). Die mens het eenvoudig die nabye gemeenskap nodig om daardeur gedra te word en om self daartoe dit by te dra wat ook in hom lewe.

Ter ondersteuning van die begrip vir Afrikaans wat Van Selms wou oordra, herinner hy sy Nederlandse lesers gedurende die Tweede Wêreldoorlog daaraan dat die Vlaamse literatuur homself twee maal moes bevry. Die eerste keer het dit daarvoor gegaan om onder die drukkende juk van Frans uit te kruip. Eers in die 19de eeu kon Vlaams die vernedering afskud waaronder dit honderde jare gely het.

Vlaams was skaars bevry uit die Franse wurggreep toe 'n tweede, oënskynlik vriendeliker maar ewe vernietigende knyptang sy opwagting maak. Dié keer kom dit deur die Noord-Nederlandse bewondering. Die Noord-Nederlanders het heel gou 'n vaste mening gevorm oor wat hulle as eg Vlaams beskou het. Hulle gaan op hol oor “sappige sêgoed” en raak verteder deur die naïwiteit wat oral deurskemer. Wanneer 'n uitgewer deur 'n Suid-Nederlandse romanskrywer genader word, dring hy daarop aan dat daar in die boek gevreet en gedrink, gevry en gesoen moet word. Onder hierdie voorskrif moes die Vlaamse roman steeds beantwoord aan die verwagtinge van wat Vlaams sou wees.

Wanneer 'n Noord-Nederlander met hierdie geykte indruk van die Vlaamse literatuur in sy agterkop deur Vlaandere reis, hoor hy nêrens die taal wat hy by die Vlaamse skrywers bestudeer het nie. Hy kry te doen met ontwikkelde mense wat dieselfde taal praat as hy self. Die taal van die boere is nie méér sappig as enige ander Nederlandse streektaal nie. Vlaandere van ná 1918 is net so deel van, en ingeskakel in, Europa as wat sy noordelike bure is.

Van Selms sien in hierdie ontwikkeling 'n waarskuwing vir Nederlandse optrede teenoor die toekoms van Afrikaans. Nederlanders is nou stadigaan besig om die Afrikaanse literatuur te ontdek. “Reeds begint men in de uitgeverskringen te vragen naar ‘echt-Afrikaansche’ romans, die dan natuurlijk allen op een ‘boereplaas’ moeten spelen, terwijl in werkelijkheid het leven in Afrika weinig meer van de pastorale idylle, en zeer veel van het stedelijke Amerikanisme heeft” (Van Honthorst [skuilnaam vir Van Selms] 1942:7). So weerspieël *Sy kom met die sekelmaan* van Hettie Smit die lewe en denke van hedendaagse jongmense van Afrika veel beter as *Laat vrugte* van C.M. van den Heever.

Afrikaans kry dus te kampe met dieselfde meerderwaardigheidswaan as dié waarteen Vlaams hom moes verweer. Vir Afrikaans is die stryd nog feller, omdat dit in sy geval om 'n jong kultuur gaan, en boonop is Afrikaans nog 'n jong taal wat deur baie Hollanders as onontwikkeld beskou word. Vir hulle is dit 'n taal wat net speelse en primitiewe gedagtes kan verwoord en nie die onrus en vertwyfeling van die moderne mens nie. 'n Nederlander mag dink dat sy opmerking teenoor 'n Afrikaner: “Het klinkt toch wel aardig, dat Afrikaansch!” as 'n pluimpie aanvaar sou word, maar tot sy verwondering is dit glad nie die geval nie. So 'n opmerking maak die Afrikaner woedend, al wys hy dit nie, want wat vir hom sy moedertaal is, blyk nou vir die Nederlanders “eigenlijk niet veel meer dan een curiositeit” te wees nie (Van Selms 1941a:258).

## 15. Slotbeskouing

Van Selms het aan die een kant self erken dat dit oordrewe sou wees om die beskeie Arabies-Afrikaanse nalatenskap as literatuur te beskryf. Aan die ander kant het hy eiehandig daarvoor gesorg dat die skat van leesbare vertaalde Afrikaanse godsdienstige tekste met standaard verdienstelike werke gebou en uitgebrei is. Hy bly die eerste en laaste vir wie die verskynsel *Arabies-Afrikaans* hoofsaak was.

Dauids sien in hom 'n “dapper” Afrikaner, en daarmee verwys hy na die bydrae wat Van Selms se Arabies-Afrikaanse publikasies tot die taalgeskiedenis van Afrikaans lewer. Die rol wat die Moslem-gemeenskap gespeel het ten opsigte van die ontstaan en vestiging van Afrikaans behoort toe nie meer geïgnoreer te gewees het nie. Vir die verlore geraakte erkenning dat van die oudste Afrikaans in Arabiese skrif geskryf is, wou Van Selms met sy ontdekking vergoed, maar dit blyk toe “een ontdekking” te wees “die tot zijn grote teleurstelling door taalkundigen werd genegeerd – kennelijk om racistische redenen” (Labuschagne 2001: 88). Dit blyk ook nou dat die publikasie *Het Afrikaansch als volks- en cultuurtaal* 'n belangrike agtergrond bied vir 'n behoorlike waardering en kontekstualisering van Van Selms se Arabies-Afrikaanse studies.

Dit is ook belangrik om daarop te let dat Van Selms hoë agting het en sy waardering betuig vir die twee groepe wat volgens hom gesamentlik aan Afrikaans geboorte gegee het: die neder-setters en hulle afstammeling, en die kompanjieslawe en dwangarbeiders en hulle afstammeling. Beide groepe is toonbeelde van ondernemingsgees en deurstellingsvermoë.

## Bibliografie

### Argivale bronne

BPL (Archief De Liagre Böhl)

Universiteitsbibliotheek Leiden

Van Selms. 1930. Ongetitelde dokument. Lêer 3081.

—. 1948. Ongetitelde dokument. Lêer 3081.

—. 1949. Ongetitelde dokument. Lêer 3081.

### Ander bronne

Ali, I. 2022. On the transmission of Greek philosophy to medieval Muslim philosophers. *HTS Teologiese Studies / Theological Studies*, 78(4): a7504. <https://doi.org/10.4102/hts.v78i4.7504> (17 Maart 2026 geraadpleeg).

Argun, S. 2000. The life and contribution of the Osmanli scholar, Abu Bakr Effendi, towards Islamic thought and culture in South Africa. MA-verhandeling, Universiteit van Johannesburg.

Belcher, R. 1986. Nuwe lig op bruines se bydrae tot ons taal. *Beeld*, 16 September.

Boshoff, P.B. (vertaler). 2023. *Plato se dialoogtrilogie uit die laaste dae van Sokrates*. Uit die Grieks vertaal. Pretoria: Akademia.

Botha, T.J.R., J.G.H. Combrink en F.F. Odendal. 1984. *Inleiding tot die Afrikaanse Taalkunde*. Pretoria: Academica.

Brandel-Syrier, M. (red.). 1960. *The religious duties of Islam as taught and explained by Abu Bakr Effendi*. A translation from the original Arabic and Afrikaans edited with an introduction and notes. Pretoria Oriental Series II. Leiden: Brill.

Carstens, A. en H. Grebe (reds.). 2001. *Taallandskap*. Pretoria: Van Schaik.

Carstens, W. 2001. Die taalbewegingsdebat in perspektief – ou wyn in ’n nuwe vat. In Carstens en Grebe (reds.) 2001.

Carstens, W.A.M. en N. Bosman (reds.). 2014. *Kontemporêre Afrikaanse taalkunde*. Pretoria: Van Schaik.

Conradie, J. en G. Groenewald. 2014. Die ontstaan en vestiging van Afrikaans. In Carstens en Bosman (reds.) 2014.

Davids, A. 2011. *The Afrikaans of the Cape Muslims from 1815 to 1915*. Onder redakteur-skap van H. Willemsen en S.E. Dangor. Talatala-reeks 3. Pretoria: Protea.

Davids, A. en H. Willemse. 2020 [2018]. *Die Afrikaans van die Kaapse Moslems: 'n Verwerking van die boek: The Afrikaans of the Cape Muslims (2011)*. Onder redakteurskap van H. Willemse en S. Dangor. D.C. Botha (vert.) en L. Murray (redigeerder). Tweede uitgawe. Bellville: SBA.

De Kock, W.J. (red.). 1968a. *Dictionary of South African Biography*, Vol. I. Gepubliseer vir die National Council for Social Research, Department of Higher Education. Kaapstad: Nasionale Boekhandel Bpk.

—. 1968b. Abu Bakr Effendi. *Dictionary of South African Biography*, Vol. I. Hoofredakteur W.J de Kock. Gepubliseer vir die National Council for Social Research, Department of Higher Education. Kaapstad: Nasionale Boekhandel Bpk.

Dockrat, M.A.E. 2020. Featuring of Islam in writings, particular Old Testament commentaries, of Adrianus van Selms (1906–1984). *Old Testament Essays (OTE)*, 33(1):60–79.

Juynboll, Th.W. 1930. *Handleiding tot de kennis van de Mohammedaansche Wet volgens de leer der Sjafi'itische school*. Vierde onveranderde druk. Leiden: Brill.

Labuschagne, J.C. 2001. Selms, Adrianus Van. *Biografisch lexicon voor de geschiedenis van het Nederlands protestantisme*, Deel 5. Kampen: Kok.

Loader, J.A. 1984. The writing of professor Adrianus van Selms. *Journal of Northwest Semitic Languages*, 12:5–17.

Obbink, H.J. 1929. *Survivals*. Amsterdam: H.J. Paris.

Ponelis, F.A. 1981. Beskouing oor *Abu Bakr se uiteensetting van die Godsdienst* deur A. Van Selms. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 21(1):71–9.

Raidt, E.H. 1984. Interne ontwikkeling van Afrikaans. In Botha, Combrink en Odendal (reds.) 1984.

—. 1991. *Afrikaans en sy Europese verlede*. Derde hersiene en uitgebreide uitgawe. Kaapstad: Nasou Beperk.

—. 1994a [1967]. Oor die skeiding van die sinchroniese en die diachroniese taalstudie. In Raidt 1994b.

—. 1994b. *Historiese taalkunde. Studies oor die geskiedenis van Afrikaans*. Johannesburg: Witwatersrand. University Press.

Rochlin, S.A. 1933. Early Arabic printing at the Cape of Good Hope. *Bulletin of the School of Oriental Studies and African Studies*, 7(1):49–54. DOI:10.1017/S0041977X00105397.

Scholtz, J. du P. 1963a [1951]. Nederlandse invloed op die Afrikaanse woordeskat. In Scholtz 1963b.

—. 1963b [1951]. *Taalhistoriese opstelle. Voorstudies tot 'n geskiedenis van Afrikaans*. Pretoria: Van Schaik.

—. 1980. *Wording en ontwikkeling van Afrikaans*. Kaapstad: Tafelberg.

- Smith, J.J. 1962 [1936–1939]. *Op ons Taalakker*. Pretoria: Van Schaik.
- Van Honthorst, A. 1942. De emancipatie van de Vlaamsche literatuur. *Indische Weekblad*, 23 Januarie, bl. 7.
- Van Rensburg, M.C.J. en J.G.H. Combrink. 1984. Transvaalse Afrikaans. In Botha, Combrink en Odendal (reds.) 1984.
- Van Selms, A. 1941a. Het Afrikaansch als volks- en cultuurtaal. *De Fakkel in handen van allen, die deel hebben aan het Nederlandsche Cultuur- en Geestesleven*, 1(4):258–70. Java: De Unie.
- . 1941b. Calvinisme en Humanisme. *Indische Weekblad*, 31 Oktober, bl. 5.
- . 1942. De emancipatie van de Vlaamsche literatuur. *Indische Weekblad*, 23 Januarie, bl. 7.
- . 1946. Vaderlandsliefde in Oud-Israel. *Hervormde Teologiese Studies*, 2:166–78.
- . 1951. *Arabies-Afrikaanse Studies I. 'n Tweektalige (Arabiese en Afrikaanse) kategismus*. Amsterdam: Noord-Hollandse Uitgevers Maatschappij.
- . 1952a. Islamic literature in Afrikaans. *The Muslim Digest*, Mei, ble. 16–21.
- . 1952b. Die geboortestad van Jan van Riebeeck. *Almanak*, ble. 35–53.
- . 1953. Die oudste boek in Afrikaans. *Hertzog Annale van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns*. Pretoria: Akademie vir Wetenskap en Kuns.
- . 1956a. *De verscheurde stad: Oud Jerusalem waar de Joden nie kunnen komen*. Den Haag: J.N. Voorhoeve.
- . 1956b. 'n Arabiese grammatika in Afrikaans [An Arabic grammar in Afrikaans]. *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns*, April, ble. 14–9.
- . 1960a. Armenius herdacht. *Nederlandse Post*, Augustus, ble. 1–2.
- . 1960b. The manuscript and its author: Abu-Bakr and Arabic-Afrikaans literature. In Brandel-Syrier (red.) 1960.
- . 1968. Abu Bakr Effendi. In De Kock (red.) 1968b.
- . 1979. *Abu Bakr se "Uiteensetting van die godsdiens": 'n Arabies-Afrikaanse teks uit die jaar 1869*. (Verhandelingen der Koninklijke Nederlandse Akademie van Wetenschappen, Afdeling Letterkunde, Nieuwe Reeks, deel 101. Amsterdam: North-Holland Publishing Company.)
- . 1980. Dawqa – its Biblical precedents. *Semitics*, 7:40–9.
- Van Selms, E. s.j. De familie Van Selms in Hilversum. Ongepubliseerde manuskrip in artikelskrywer se besit.